



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VERBRUIKERSTUDIES

## 2021

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae (Al die onderwerpe) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 20 | 20 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 40 | 40 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE VRAAG op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die afkoeltydperk waarin jy toegelaat word om 'n kontrak van 'n item wat deur direkte bemarking aangekoop is, te kanselleer, is … werksdae.

A vyf
B sewe
C tien
D veertien (1)

1.1.2 'n Voorbeeld van niehernubare energie:

A Biomassa
B Wind
C Water
D Steenkool (1)

1.1.3 Jacob het 'n klub begin waarin elke lid R1 000 per maand gesamentlik bydra en hulle die geld op 'n rotasiebasis kry. Dit is 'n voorbeeld van 'n ...

A piramideskema.
B swendelary.
C stokvel.
D veelvlakkige bemarking. (1)

1.1.4 Die ... dui die laaste dag aan waarop die produk vir verkope aangebied mag word.

A gebruik-voor-datum
B verkoop-voor-datum
C gebruikskeerdatum
D koopkeerdatum (1)

1.1.5 Gelatien word in 'n kaaskoek as 'n ... gebruik.

A kleurmiddel
B emulsifiseerder
C preserveermiddel
D stabiliseerder (1)

1.1.6 By organiese boerdery ...

A het gewasse 'n hoër opbrengs.
B het gewasse 'n beter voorkoms.
C is produksiekoste laer.
D word besoedeling verlaag. (1)

1.1.7 'n Voordeel vir 'n diabeet wat lae GI-voedsel eet:

A Bevorder konstante voedselinname
B Verhoog die behoefte aan gereelde insulieninspuitings
C Beter beheer van bloedglukosevlakke
D Die pankreas word oorstimuleer om insulien te produseer (1)


Lees die scenario hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.8.

| |
|---|
| Junior het van die matriekkamp teruggekeer en voel naar met maagkrampe en bloederige diarree. |

1.1.8 Die voedseloordraagbare siekte waaraan Junior heel waarskynlik ly:

A Hepatitis A
B Disenterie
C E. coli-infeksie
D Gastroënteritis (1)

Bestudeer die grafiek van 'n modesiklus hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.9 en 1.1.10.




1.1.9 Die grafiek hierbo stel 'n … -kurwe voor.

A klassieke mode
B standaardmode
C modegier
D huidige mode (1)

1.1.10 Die grafiek op bladsy 4 stel die moontlike lewensduur van die volgende voor:

A Wit hemp
B Blou denimbroek
C Swart baadjie
D Oranje ballonromp (1)

1.1.11 'n Boukontrak word deur die … onderteken.

A huurder en verhuurder
B koper en verkoper
C bouer en huiseienaar
D bank en bouer (1)

1.1.12 EEN vereiste om vir 'n regeringsubsidie te kwalifiseer:

A 'n Inkomste van meer as R5 000 per maand
B Om 'n langtermynlewensmaat of afhanklike te hê
C 'n Burger van 'n Afrika-land
D Om vir 'n tweede subsidie aansoek te doen (1)

1.1.13 Wanneer 'n item deur middel van … aangekoop word, bly die item in die winkel totdat dit ten volle afbetaal is.

A bêrekoop
B 'n kredietkaart
C 'n huurkooptransaksie
D 'n winkelkaart (1)

1.1.14 Die dokument wat bewys dat jy die eienaar van die eiendom is:

A Koopakte
B Deeltitel
C Verband
D Titelakte (1)

1.1.15 'n Kontrak tussen 'n kredietverskaffer en 'n koper van 'n eiendom:

A Verband
B Koopakte
C Kollaterale verband
D Subsidie (1)

1.1.16 'n Ekobewuste verbruiker sal 'n … -verpakking kies.

A plastiek
B papier
C foelie
D blik (1)

1.1.17 … sal help om te verseker dat 'n besigheid altyd genoeg fondse het om verskaffers te betaal.

A 'n Kontantvloeiprojeksie
B Die beste-verkope-scenario
C Genoegsame aanvangskapitaal
D Die nagmerrie-verkope-scenario (1)

1.1.18 Die belangrikste faktor om in ag te neem voordat 'n nuwe besigheid begin word:

A Stel standaarde vir die produk
B Kry 'n perseel vir die nuwe besigheid
C Stel ondersoek in na die aantal items wat verkoop kan word
D Bepaal verbruikers se behoeftes (1)

1.1.19 Die doel van goeie voorraadbeheer in 'n besigheid is om te verseker dat ...

A die goedkoopste voorraad gekoop word.
B dit nie nodig is om voorraad te organiseer nie.
C geen tyd of geld vermors word nie.
D baie ekstra voorraad beskikbaar is. (1)

1.1.20 … verhoog die bewustheid en sigbaarheid van 'n produk.

A Prys
B Promosie
C Grondstowwe
D Vervoer (1)

1.2 Pas die ontvanger van gelde in KOLOM B by die behuisingsfooie in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.5 H.

| **KOLOM A BEHUISINGSFOOIE** | **KOLOM B ONTVANGER VAN FOOIE** |
|---|---|
| 1.2.1 Hereregte/Oordragbelasting | A verkoper |
| 1.2.2 Oordragsfooie | B SAID |
| 1.2.3 Eiendomsbelasting | C bank |
| 1.2.4 Aanvangsfooie | D munisipaliteit |
| | E eiendomsagent |
| | F aktekantoor |
| | G prokureur |

(4 x 1) (4)

1.3 Gee EEN term vir elk van volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Goedere deur nie-amptelike verspreidingskanale ingevoer

1.3.2 'n E-pos wat iemand versoek om finansiële inligting te verskaf met die veronderstelling om onwettig toegang tot 'n persoon se fondse te verkry

1.3.3 Deelnemers word betaling beloof vir die werwing van lede sonder dat 'n produk verkoop word

1.3.4 'n Persoon word vrygestel van aanspreeklikheid in 'n kontrak

1.3.5 'n Geskrewe belofte dat die gehalte en duursaamheid van 'n produk vir 'n spesifieke periode aan sekere standaarde sal voldoen (5)

1.4 Die enigste ding wat in mode seker is, is dat dit sal verander.

Identifiseer TWEE terme in die lys hieronder wat met nuwe mode verband hou. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

A Styl
B Bekendstelling
C Klassiek
D Retrospektief (2)

1.5 Sipho maak en verkoop maskers in sy gemeenskap.

Identifiseer DRIE stellings in die lys hieronder wat hom met doeltreffende produksie sal help. Skryf slegs die letters (A–F) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Voldoende fondse om grondstowwe te koop
B Koop ekstra grondstowwe
C Gebruik 'n gestandaardiseerde patroon
D Masjiene word ongereeld gediens
E Behou kontak met kliënte
F Gaan alle maskers na wat geproduseer is (3)

1.6 Pas die beskrywing in KOLOM B en die bestuur in KOLOM C by die voedselverwante gesondheidstoestand in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) uit KOLOM B en die Romeinse syfer (i–v) uit KOLOM C langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.6.4 F, vi.

| KOLOM A<br>VOEDSELVERWANTE GESONDHEIDS-TOESTAND | KOLOM B<br>BESKRYWING | KOLOM C<br>BESTUUR |
|---|---|---|
| 1.6.1 Eierallergie | A die liggaam het 'n gebrek aan 'n ensiem om melksuiker af te breek | (i) eet hawermout |
| 1.6.2 Suiwel-intoleransie | B die liggaam kan nie bloed-cholesterol beheer nie | (ii) vermy rogprodukte |
| 1.6.3 Seliaksiekte | C die liggaam het 'n gebrek aan insulien | (iii) vermy die eet van 'n omelet |
| | D die immuunstelsel reageer teen 'n skadelose proteïen | (iv) gebruik laevetmelk |
| | E gluten beskadig die voering van die dunderm | (v) gebruik laktosevrye melk |





(3 x 2) (6)
**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Gee DRIE voorbeelde van indirekte belasting wat verbruikers op goedere en dienste betaal. (3)

2.2 Noem TWEE maniere om energie meer doeltreffend te gebruik wanneer 'n huis verlig word. (2)

2.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **STAP 1** | **STAP 2** | **STAP 3** | **STAP 4** | **STAP 5** |
|---|---|---|---|---|
| Versamel skoon, droë afvalplastiek by die huis. | Kry 'n skoon, droë 2 liter-koeldrankbottel met 'n doppie. | Druk droë afvalplastiek styf in die bottel vas met 'n stok. | Pak dit stewig tydens die proses vas om te verseker dat dit gekompakteer is. | Sit die doppie terug en die Ekobaksteen is gereed om mee te bou. |
|  |  |  |  |  |

[Bron: *Dispatch Live*, 2018]

Bespreek die impak van die produksie van Ekobakstene op:

2.3.1 Waterbesoedeling (2)

2.3.2 Munisipale dienslewering (2)

2.4 Verduidelik die rol wat gemeenskappe behoort te speel om te help om die skuld van hulle munisipaliteite te verminder. (3)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Angela het 'n dubbelbed wat na bewering steun aan die rug bied, vir haar ouers gekoop. Die bed het 'n tweejaar-waarborg gehad.
>
> Na 'n paar weke het haar ma elke oggend van rugpyn gekla. Angela het besluit om die bed na die winkel terug te neem. Die winkeleienaar het geweier om die bed te herstel of te vervang.
>
> [Eie teks]

Identifiseer TWEE onbillike sakepraktyke deur die winkeleienaar. (2)

2.6 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het gestem om die repokoers met 25 basispunte van 6,5% tot 6,25% te sny, wat die verbandrentekoers van 10% tot 9,75% verlaag.
>
> [Aangepas uit *BusinessTech*, 2019]

2.6.1 Verduidelik die term *rentekoers.* (2)

2.6.2 Analiseer hoe verbruikers met huislenings deur die verandering in die repokoers geraak word. (4)
**[20]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 3.1.1 Definieer die term *hipoglukemie*. (2)

3.1.2 Noem TWEE maniere waarop hipoglukemie voorkom kan word. (2)

3.2 Stel voor hoe 'n persoon sy/haar soutinname kan beheer om hipertensie te bestuur. (2)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die veganistiese manier van eet word al hoe gewilder. Veganiste eet nie voedsel wat van diere afkomstig is, suiwelprodukte of eiers nie.
>
> [Eie teks]

Bespreek hoe die voedingstowwe wat in 'n veganistiese dieet ontbreek, tot die volgende kan lei:

3.3.1 Osteoporose (3)

3.3.2 Anemie (4)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **TUBERKULOSE BREEK BY 'N SKOOLKOSHUIS UIT**
>
> 'n Skoolkoshuis moes sluit nadat 50 leerders met tuberkulose gediagnoseer is.
>
> [Eie teks]


3.4.1 Noem DRIE simptome van tuberkulose. (3)

3.4.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoekom so baie leerders met die siekte besmet kon word. (5)

3.5 Gee VIER redes waarom 'n persoon wat aan anorexia nervosa ly, tot op 'n gevaarlike punt gewig verloor. (4)

3.6 Verduidelik hoe voedselbestraling Suid-Afrikaanse huishoudings met voedselsekerheid kan help. (6)

3.7 Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Pinterest]

3.7.1 Identifiseer die tipe vet wat in oormaat in die geregte hierbo voorkom. (1)

3.7.2 Evalueer die geskiktheid van die kitskos hierbo vir die voorkoming en bestuur van koronêre hartsiekte. (8)
**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Verduidelik die term *mode.* (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Onako het 'n hemp vir R599,00 by 'n modeskou gesien. 'n Paar maande later het hy dieselfde hemp vir R399,00 in 'n klerewinkel gesien, maar dit was op 'n uitverkoping vir R259,00. Die laaste keer toe hy dit gesien het, was dit tot R99,00 afgemerk.
>
> [Eie teks]

4.2 Beskryf die stadium in die modesiklus van die hemp toe dit verkoop is vir:

4.2.1 R399,00 (2)

4.2.2 R259,00 (2)

4.3
> Die herlewing van vintage/outydse klere kan as 'n omgewingsvolhoubare praktyk beskou word.
>
> [Eie teks]

Motiveer die stelling hierbo. (4)

4.4 Bestudeer die uitrusting vir die werksomgewing hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| DRIESTUK-PAK | |
|---|---|
|  | Ligte grys pak bestaan uit:<br>• Baadjie<br>• Onderbaadjie<br>• Langbroek<br><br>[Bron: www.vova.com] |

4.4.1 Definieer die term *kleredragkode.* (2)

4.4.2 Stel DRIE items voor wat saam met die driestuk-pak gedra kan word om 'n neutrale kleurkombinasie te skep. (3)

4.4.3 Evalueer die geskiktheid van die driestuk-pak hierbo vir 'n persoon wat by 'n regsfirma werk. (5)
**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem TWEE verantwoordelikhede van ELK van die volgende ten opsigte van 'n behuisingskompleks:

5.1.1 Huurder (2)

5.1.2 Regspersoon (2)

5.1.3 Verhuurder (2)

5.2 Bespreek die voordele daarvan om 'n nuwe huis te bou. (6)

5.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Naz, 'n jong gegradueerde, het 'n huislening uitgeneem om 'n drieslaapkamerhuis te koop. Sy het 'n 10%-deposito betaal om die lening te waarborg (list).
>
> Sy het die interieur opgeknap om by haar moderne smaak te pas, 'n alarmstelsel geïnstalleer en hoë mure om die huis gebou om haar eie omheinde spasie te hê. Die huis is naby 'n goeie skool en 'n winkelsentrum geleë.
>
> Ses maande gelede het Naz haar werk verloor en het sy na haar ouerhuis teruggetrek. Sy het gou 'n gesin met twee kinders gekry om haar eiendom te huur en het 'n goeie huurinkomste ontvang.
>
> [Eie teks]

5.3.1 Noem Naz se tipe huiseienaarskap. (1)

5.3.2 Beskryf die tipe huiseienaarskap wat in VRAAG 5.3.1 genoem is. (2)

5.3.3 Verduidelik die term *deposito*. (2)

5.3.4 Noem die voorsorgmaatreëls wat Naz ten opsigte van veiligheid getref het nadat sy die huis gekoop het. (2)

5.3.5 Noem en verduidelik die volgende ten opsigte van Naz se huis:

(a) TWEE tipes versekering wat Naz behoort te hê (4)

(b) EEN tipe versekering wat die huurder behoort te hê (2)

5.3.6 Stel VIER redes voor waarom Naz in staat was om haar eiendom so vinnig te kon uitverhuur. (4)

5.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Sam en Cecelia is pensionarisse wat in 'n klein tweeslaapkamerhuis woon. Cecelia ly aan artritis/gewigsontsteking in haar hande. Hulle sal daarvan hou om 'n wasmasjien te koop wat geskik is vir hul behoeftes sodat hulle self hulle wasgoed kan was. Sam het die advertensie hieronder gesien en besluit om 'n nuwe wasmasjien te koop.

[Eie teks]

| DUBBELBALIE | VOORLAAIER | BOLAAIER |
|---|---|---|
|  |  |  |
| • 7 kg-waskapasiteit<br>• B-energie-bepaling ('rating')<br>• 3 programsiklusse<br>• Emaljedrom<br>• Wit afwerking<br>• Prys: R3 499,00 | • 7 kg-waskapasiteit<br>• A+++-energie-bepaling ('rating')<br>• 10 programsiklusse<br>• Vlekvryestaaldrom<br>• Metaalafwerking<br>• Ten volle outomaties<br>• Alarm<br>• Prys: R4 699,99 | • 13 kg-waskapasiteit<br>• A-energie-bepaling ('rating')<br>• 15 programsiklusse<br>• Emaljedrom<br>• Wit afwerking<br>• Ten volle outomaties<br>• Alarm<br>• Prys: R7 754,99 |

[Bron: Makro.co.za]

5.4.1 Kies die mees geskikte wasmasjien vir Sam en Cecelia se behoeftes. (1)

5.4.2 Ondersteun jou keuse in VRAAG 5.4.1. (6)

5.4.3 Gee redes waarom die ander TWEE wasmasjiene nie vir Sam en Cecelia se behoeftes geskik is nie. (4)

**[40]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Definieer die volgende terme:

6.1.1 Teikenmark (2)

6.1.2 Volhoubare produksie (3)

6.2 Noem waarom dit vir 'n entrepreneur belangrik is om aan produkspesifikasies te voldoen. (3)

6.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: afroculture.net]

Lelethu is 'n derdejaar-modeontwerpstudent. Nadat sy haar eie unieke ontwerpe gedra het, het haar vriende haar gevra om spesifieke kledingstukke vir hulle te maak. Sy het slegs 'n paar bestelling geneem omdat haar tyd beperk was. Sy wou nie te lank neem om die bestellings uit te voer nie en het besluit om tydens die Kersfeesvakansie by die huis te werk om haar kliënte tevrede te hou.

Haar kliënte was baie gelukkig aangesien hulle verpersoonlikte uitrustings teen 'n bekostigbare prys gekry het.

Al haar skeppings was uniek aangesien sy Seshweshwe-kleedstof/materiaal materiaal ('n 100%-Trots Suid-Afrikaans geproduseerde katoenkleedstof/ -materiaal) gebruik het. Haar ontwerpe was gewild vir tradisionele feesvieringe waarvoor mense na spesiale uitrustings op soek was. Sommige van haar kliënte het gesukkel om handsakke en skoene te vind om by hulle nuwe uitrustings te pas. Sy het besluit om die skoene en handsakke met dieselfde materiaal oor te trek om by die uitrustings te pas.

[Eie teks]

6.3.1 Noem DRIE menslike hulpbronne wat Lelethu tot haar beskikking gehad het. (3)

6.3.2 Verduidelik waarom dit vir Lelethu belangrik is om 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie te doen. (3)

6.3.3 Identifiseer VIER faktore wat Lelethu se besigheid 'n mededingende voorsprong in die mark gegee het. (4)

6.3.4 Noem DRIE maniere waarop Lelethu haar besigheid in die gemeenskap kon adverteer. (3)

6.3.5 Noem TWEE maniere waarop Lelethu haar tyd effektief bestuur het. (2)

6.3.6 Lewer kommentaar op die impak van die gehalte en die beskikbaarheid van die kleedstof/materiaal vir Lelethu se besigheid. (4)

Verwys na die kwotasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KWOTASIE VIR MIDDELLENGTE ROK**

- Kleedstof/Materiaal 3 meter @ R70,00 per meter
- Garing en knope @ R10,00 per rok
- Bokoste en arbeid @ R250,00 per rok

[Eie keuse]

6.3.7 Bereken die totale koste van EEN rok met 'n winsopslag van 30%. Toon ALLE berekeninge. (5)

6.3.8 Analiseer waarom Lelethu se besigheid waarskynlik volhoubare winsgewendheid sal toon. (8)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou